



GEREFORMEERDE SUSTERS CENTURION

1 November 2021

Beste Voorsitter en Susters,

Hierdie skrywe is om julle in kennis te stel dat ons as Susters van die Gereformeerde Kerk Centurion die Sustersaamtrek, wat aanvanklik uitgestel is tot 2023, DV volgende jaar (2022) wel gaan aanbied!

Covid het die hele wêreld ontwig en tot 'n stilstand gebring. Die kerk en alle kerklike aktiwiteite het dit ook nie ontkom nie. Ons meen egter dat die Here, ten spyte van die beperkende en onseker Covid-omstandighede, tog deur 'n "aangepaste" Sustersaamtrek gedien en geprys kan word.

Ons het die kanale gevolg en die groen lig gekry om voort te gaan met die Sustersaamtrek op 5 Maart 2022. Weens die beperkende maatreëls waarbinne almal voortleef, gaan hierdie Saamtrek uitermate sober en eenvoudig aangebied word en *slegs fokus op Christus* as ons enigste Hoop.

Om getalle op die kerkterrein te verminder, bied GK Wapadrand saam met ons (GK Centurion) die Saamtrek aan - met presies dieselfde program en programtye. Die twee terreine is die saamkompunte vir die vier klassisse in Pretoria. Klassis Pretoria Moot en Pretoria Suidwes hou Saamtrek op die kerkterrein van GK Centurion. Pretoria Trans Magalies en Oostelike Pretoria hou Saamtrek op die kerkterrein van GK Wapadrand.

Dames wat die Saamtrek in persoon op die kerkterrein wil bywoon, kan dan verseker wees dat die hoeveelheid dames per kerkterrein soveel is dat die Covid-maatreëls steeds nagekom word. Diegene wat nie die Saamtrek in persoon op die kerkterrein wil of kan bywoon nie, *word nie uitgesluit nie*, omdat 'n internetskakel voorsien word om die Saamtrek se program voluit saam met die ander Susters te ervaar.

Die program begin eers om nege-uur. By elkeen van die twee kerkterreine is daar 'n spreker wat **Hoop** as tema aan die Susters gaan voorhou. Na afloop van die eerste spreekbeurt, ruil die twee sprekers om om dieselfde woorde van **Hoop** met die ander kerkterrein se Susters te gaan deel. Die internet-uitsending gee dus die geleentheid dat alle Susters beide die Hoop-boodskappe kan hoor.

Ter wille van Covid-maatreëls, word elke Suster wat op die kerkterreine is van koepons voorsien om na afloop van die verrigtinge iets te ete en te drinke te kry by 'n verskeidenheid stalletjies wat op goeie afstand van mekaar op die terrein geparkeer word. Die Susters kan dan kies om verder saam op die kerkterrein te kuier of om huis toe te vertrek.

Die uitnodiging na die Sustersaamtrek 2022 sal DV Desember 2021 uitgestuur word.

Ons hoop dat hierdie manier van Saamtrek 'n aangename verrassing is en dat ons koning, Jesus Christus, daardeur verheerlik en geprys sal word!

Vriendelike Sustersgroete,

Phia van Helden (Voorsitter: GK Centurion)